Poppekas- Sondag 22 Mei 2022
Tema: Ons kyk anders na die wêreld.

(Ds. Toit laat die kinders voor sit en hulle roep vir Wysmuis om uit te kom.)

Wysmuis: Hallo Maatjies! Ek het baie na julle verlang. Waai gou vir my dat ek kan sien dat julle daar is....

(maatjies waai terug)

Wysmuis: Kom maatjies, kom help vir my op vir Stoffel en Wouter te roep. Kom ons begin by Stoffel.

Een-twee-drie: Stoffel.

Een- Twee- Drie: Wouter.

(Wysmuis verdwyn agter skerms)

Stoffel (Gaap- Baie moeg). Môooooore Maats...

Wouter (opgewonde). Hallo. Aweh. Molo. Sawubona. Goeiemôre.....

Stoffel Wysmuis! jy sal nie glo wat hierdie week met my en Wouter gebeur het nie...

Wouter Nee Stoffel, moenie vir haar vertel nie..

Wysmuis Nou is ek eers nuuskierig, Stoffel/ vertel my wat gebeur het...

Stoffel Ek en Wouter het vir ‘n oogtoets gegaan...

Wysmuis ‘n Oogtoets? Regtig?

Wouter Ja, regtig, ek het eers gedog ’n oogtoets is vir ou mense...

Stoffel Ek ook. En ‘n Oogtoets is vir mens wat nie wortels eet nie

Wysmuis hahaha, julle laat my lag... En toe hoe het dit ge gaan?

Wouter Wysmuis, dit was Super Moeilik....

Stoffel Ja, Dominee Toy Story help gou hier...

Stoffel Kom, kom, kom, Dominee Werk mos net vandag vir ‘n uur....

(Dominee Toit kom met ‘n oogtoets papier na vore. Hy staan dan ‘n ent van die poppekas af, op die projektor skerm wys daar ook die oogtoets papier)





Wouter So jy kyk na iets soos die papier en dan moet jy sê wat jy sien.

Wysmuis Dit is maklik. Daar bo staan EFP

Stoffel Nee nee dit is nie so maklik nie, want jy moet elke keer ’n ander lyntjie lees en dan is die papier verder.

Wouter Ja wyse muis, wat staan daar op die heel onderste lyntjie?

Wysmuis Uhhmmm Uhhhmmmm Uhmmmmmm. Ek dink dit is ‘n ABC,

Stoffel en Wysmuis (Lag uit hul maag uit).. Nee neee.

Wysmuis En wat was toe die uiteinde van die oogtoets

Stoffel Wel, ek het eers gedog net molle is blind, maar dit lyk my Muise raak ook blind... Maar gelukkig kan ek beter sien as Wouter, so net Wouter het ‘’n bril gekry

Wysmuis En waar is jou bril Wouter?

Wouter By die huis. Die meisies lag vir my as ek dit opsit, so ek dra dit nie....

Wysmuis Age nee Wouter, maar as jy dit opsit, help dit jou?

Wouter Ja, sommer baie. Alles lyk mooi helder. En kleurvol. Dit is asof ek anders na alles en almal kyk...

Wysmuis Dit is wonderlik... Weet julle maatjies, so kyk ons as gelowiges ook anders na mekaar. Ons geloof, Die Bybel, die kerk gee vir ons nuwe oë om na die wêreld te kyk. En dit maak dat ons anders kyk na mekaar en na die wêreld

Stoffel Ek hou daarvan. En ek as gelowige kan anders kyk selfs al dra ek nie ‘n bril soos Wouter of Dominee Toy story nie,

Wysmuis Jaja.... Dit is ook wat Dominee Toit vanoggend uit Openbaring gaan verduidelik. En ons maatjies gaan by Kleuterkerk ook funky brille maak om by die huis te gaan dra....

Wysmuis Maatjies, ons gaan julle dan nou eers groet. Ek hoop julle het ‘n pragtige dag waar julle mooi na mekaar kyk....

(Al 3 poppe groet die maaitjies)